**15 Maart** **Skrifgedeelte: Handelinge 2:22-42**
**Fokusgedeelte:Handelinge 2:39**

HK, VRAAG 74

**Ons én ons kinders**

Min plegtige handelinge stal die liefde van God duideliker uit as die kinderdoop, maar dit bring vir ouer en kind ’n groot verantwoordelikheid (Gen 17:9).
Die kinderdoop gee die heerlike versekering dat ons én ons kinders deel het aan die verbond van God. God belowe aan ons én ons kinders vergifnis van sonde en die gawe van die Heilige Gees. Dít is belangrik! Reeds vanaf bevrugting is die kind met sonde belaai (Ps 51:7; Rom 3:10, 19; Rom 5:12). Dit klop met die werklikheid! Het jy al gesien hoe ’n baba op homself gerig is (selfsug!), in woede kan skree en geen geduld met ma en pa het nie? Daarom is dit noodsaaklik dat ouers hulle kinders van kleins af moet voorgaan in die diens van die Here. Opvoeding is ’n lang proses om ons dierbare kinders te leer om in liefde te lewe (1 Joh 4:16) en die Here met toewyding te dien (Eks 20:5, 6). So alleen kan voldoen word aan die eise wat God aan sy kinders stel (Deut 6:4-9).
Dit is ’n hartseer saak as ’n kind uit ’n gelowige huis die rug op God draai. God gee nie sy genade outomaties nie. Elke kind het ook ’n verantwoordelikheid om God aan te neem (Joh 1:12). Ons het egter die ontsettende vermoë om die Heilige Gees te bedroef en teen te staan! (Vgl. Ef 4:30; 1 Tess 5:19.) As ’n kind afdwaal kan die ouers en medegelowiges nog steeds op grond van God se verbondsbelofte pleit dat ’n lewende geloof by die kind sal groei.

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~